higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N770**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4

(5140174)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag twee woordeboeke en twee addisionele naslaanbronne gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en bylaes van 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.
5. Los ŉ spasie en trek ŉ lyn na ELKE voltooide vraag.
6. Gebruik BYLAE A, B en C (aangeheg) soos in die spesifieke vrae aangedui.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (EFFEKTIEWE STUDIE)

Bestudeer onderstaande internetartikel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

NUWE WERK SOOS VALSKERMSPRING	Par
Om vir die eerste keer in jou lewe te gaan werk, is dikwels soos ’n valskermsprong, sê mnr. Philip Minnaar, waarnemende hoof van Sol-Tech, die Afrikaanse opleidingskollege by die vakbond Solidariteit.	1
Dié kollege bied vakleerlingskapkursusse in elektries, meulmaker, pas-en-draai en dieselwerktuigkunde aan. Sol-Tech beoog om later sy kursusse na ander skaars vaardighede uit te brei. Maar al is jou vaardighede in aanvraag, kan dit steeds senutergend wees as jy daardie heel eerste aanstelling kry, sê Minnaar.	2
Hy het gedurende 2009 navorsing gedoen vir sy meestersgraad in sielkundige opvoeding oor hoe jongmense die werkplek die eerste keer beleef en hoe hulle hulself teenoor ander in die werkplek handhaaf. Uit die onderhoude wat met jongmense gevoer is, het dit geblyk dat die eerste werkservaring vir hulle ontnugterend is. Sommiges het geredeneer dat hulle eers op veertig wil begin werk, want dan sal hulle eers die respek van ander kan verdien.	3
Minnaar het voorheen skoolgehou en het daar reeds waargeneem dat skoolverlaters huiwerig is om die arbeidsmark te betree. ‘Stel jou voor jy gaan sonder opleiding valskermspring, maar weet nie regtig hoe nie. Iemand boender jou net in die vliegtuig in en daar gaan jy. Jy is onseker of jy al die veiligheidstoerusting het en of dit behoorlik vasgegespe is, maar een ding is seker: Spring moet jy spring.’	4
Dit, sê Minnaar, is hoe talle jongmense voel as hulle die heel eerste keer die werkomgewing betree. ‘Dis ’n onbekende wêreld waar kennis nodig is om te oorleef, maar dis veral ervaring wat deurslaggewend is. As jy nie weet wat om te verwag nie gaan jy die werkplek met ’n harde slag tref.’	5
Min mense verstaan regtig die kuns van selfhandhawing. Minnaar waarsku dat daar ’n neiging by jongmense in die werkplek is om hulself as slagoffers van omstandighede te beskou en dan oormatig daarop staat te maak dat ’n ‘ridder op ’n wit perd’ gaan opdaag en hulle uit hul verknorsing red.	6
‘Goeie kommunikasie gaan oor doeltreffende luistervaardighede. Luister totdat die persoon klaar gepraat het voordat jy op net die eerste deel van sy sin reageer. En wanneer jy begin reageer, klaar uit of jy reg gehoor het deur jou weergawe met syne te vergelyk. So ’n benadering sal dit ook vir jou makliker maak om soms “nee” te sê.	7
‘Kommunikasie gaan ook oor die stel van jou eie grense en hoe om jou eie gevoelens oor te dra. Slegs wanneer mense met gemak en deur “ek”-boodskappe hulle behoeftes kan kommunikeer, kan hulle regtig op sinvolle kommunikasie aanspraak maak.’	8

[Bron: *http://www.sol-tech.co.za/nuwe-werk-soos-valskerm-spring/*]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Baie jongmense betree die arbeidsmark met die doel om baie geld te verdien om dan 'n weelderige lewe te lei.

Na watter soort motivering word in so 'n geval verwys? (1)

1.2 Talle jongmense is entoesiasties om te begin werk omdat hulle graag wil trots wees op hulself.

Na watter soort motivering word hier verwys? (1)
[2]

VRAAG 2

2.1 Daar is talle redes hoekom ons ons eie tyd mors. Gestel Ruan Cupido is 'n voltydse student by Sol-Tech, die Afrikaanse opleidingskollege van die vakbond Solidariteit. Hy laat na om 'n hele paar praktiese take betyds in te dien.

Na watter rede vir tydmors word hier in Ruan se geval verwys?

2.2 Ruan Cupido bly in 'n huis saam met ander studente wat baie lief is om saans partytjie te hou en harde musiek te speel. Dit veroorsaak ook dat Ruan nie elke dag by sy studies uitkom nie.

Watter rede is in hierdie geval die oorsaak dat hy besig is om tyd te mors?

2.3 Wat sal die gevolge van hierdie twee situasies vir Ruan en sy studies wees?

2.4 Jy bied aan om Ruan uit sy verknorsing te help deur vir hom raad te gee oor hoe om sy tyd te beplan.

Gee vir Ruan TWEE wenke oor hoe hy sy tyd kan beplan.

(4 × 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B (LUISTERVAARDIGHEDE)

VRAAG 3

3.1 'Om vir die eerste keer in jou lewe te gaan werk, is dikwels soos 'n valskermsprong.'

Wie is die sender van hierdie boodskap? (1)

3.2 Wie is volgens jou die ontvanger van hierdie boodskap, met ander woorde op wie is hierdie woorde gerig? (2)

3.3 Watter kommunikasiekategorie word hier aangewend om die boodskap oor te dra? (1)

3.4 Die volgende wenk kom in paragraaf 7 in die artikel voor: 'Luister totdat die persoon klaar gepraat het voordat jy op net die eerste deel van sy sin reageer.'

Gee vir Ruan nog DRIE riglyne om sy luistervaardighede te verbeter. (3)

3.5 Eendag probeer Ruan om saam met sy studiegroep te studeer, maar sy huismaats is besig om te braai en speel baie harde musiek. Die lede van die studiegroep kan mekaar kwalik hoor.

Watter kommunikasiehindernis verhinder dat die studente kan studeer? (1)

3.6 Gee vir Ruan TWEE strategieë wat hy in die klaskamer kan volg om sy studies effektief te verbeter. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C (BONDIGE KOMMUNIKASIE)

VRAAG 4

Jy is 'n student by die Paradys-kampus en is ook lid van die studenteraad. Jy help mnr. Mike Peters van die studente-ondersteuningsafdeling om 'n sportdag vir die kampus te reël. Jy is in sy kantoor besig toe mev. Grace Dichabe van ABSA skakel. Hier volg julle gesprek nadat julle mekaar vriendelik gegroet het.

Mev. Dichabe: Kan ek asseblief met Mike Peters praat?

Jy: Mnr Peters is ongelukkig tans in 'n vergadering. Is daar dalk 'n boodskap vir hom?

Mev. Dichabe: Ek wil hom graag meedeel dat ABSA besluit het om jul kampus se sportdag met R20 000,00 te borg. Ons wil net graag 'n ABSA-stalletjie tydens die sportdag op die kampus oprig waar ons studente met navrae kan help. Ons wil ook versoek dat die dorp se ontwikkelingsokkerspan by die sportdag ingesluit word. Hy moet my asseblief dringend terugskakel met jul kampus se rekeningbesonderhede sodat ek kan reël vir die oorbetaling van die geld.

Jy: Ek sal die boodskap vir hom gee. Kan u net asseblief weer u kontaknommer vir my gee?

Mev. Dichabe: My selfoonnommer is 060 123 4567. Baie dankie. Totsiens.

Jy: Totsiens, mevrou.

Kopiereg voorbehou

Gebruik die telefoonboodskapvorm in BYLAE A (aangeheg) en skryf dadelik die volledige telefoonboodskap vir mnr. Peters neer. Maak seker dat jy jou eksamennommer daarop skryf en dien dit saam met jou ANTWOORDBOEK in. **[15]**

VRAAG 5

Bestudeer die UITNODIGINGSKAARTJIE in BYLAE B (aangeheg) en beantwoord die vrae wat volg.

5.1 Wie tree as gasheer vir die sportdag op? (1)

5.2 Waar vind Paradys-kampus se sportdag plaas? (1)

5.3 Verduidelik in jou eie woorde wat die afkorting *RSVP* beteken. (1)

5.4 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' neer en motiveer jou antwoord.

'Die gaste moet pakke klere en aandrokke vir die geleentheid aantrek.' (2)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D (LEES- EN BEGRIPSVAARDIGHEDE)

VRAAG 6

Lees die artikel in BYLAE C en beantwoord die vrae wat volg.

6.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die skrywer met die woord *geslagsdebat* bedoel. (2)

6.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' in die ANTWOORDBOEK neer en motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.

'Vroue en mans verdien dieselfde salaris as hulle dieselfde werk doen.' (3)

6.3 Watter persentasie vroue is tans in Suid-Afrika se arbeidsmark ekonomies aktief? (1)

6.4 Wat is die enigste ligpunt in hierdie sensitiewe situasie? (2)

6.5 Wanneer het die posisie van Afrikaanssprekende mans in die werkplek drasties begin verbeter? (1)

6.6 Na watter historiese gebeurtenis is arbeidswetgewing in Suid-Afrika drasties gewysig tot voordeel van alle bevolkingsgroepe? (1)

Kopiereg voorbehou

6.7 Die skrywer verwys in die artikel na TWEE Suid-Afrikaanse wette.

Noem die name van hierdie wette volledig. (2)

6.8 Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *broodwinner* beteken. (2)

6.9 Noem TWEE eise wat aan 'n persoon in 'n senior pos gestel word. (2)

6.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' in die ANTWOORDBOEK neer en motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.

'Die meeste vroue jaag hoë vergoedingspakette na.' (2)

6.11 Watter posisies in die arbeidsmark was voorheen 'mans se domein'? (1)

6.12 Wie het navorsing gedoen oor die rol van vroue in die arbeidsmark? (1)

6.13 Die skrywer vra in die titel die vraag: 'Is daar lig in die tonnel?'

Verduidelik in jou eie woorde wat die skrywer met hierdie vraag bedoel. (2)

[22]

VRAAG 7

Ons gebruik leesvaardighede in talle situasies. Kies die regte soort leesvaardigheid uit KOLOM B om by die behoefte in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (7.1–7.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
7.1	Dit is Vrydagaand en jy is vreeslik lus vir pizza. Jy gebruik die telefoongids om 'n pizzaplek op te spoor.	A	proeflees
		B	spoedlees
7.2	Jy sien jou vriend lees 'n boek en jy kyk vinnig na die inhoudsopgawe om te sien waaroor die boek handel.	C	vluglees
7.3	Jy gaan jou praktiese taak deeglik na vir moontlike spel- en taalfoute.		

(3 × 1) **[3]**

TOTAAL AFDELING D: 25

AFDELING E (REMEDIËRENDE AFRIKAANS)

Lees weer die artikel *Diskriminasie teen vroue – is daar lig in die tonnel?* in BYLAE C en beantwoord die volgende vrae.

VRAAG 8: SINONIEME

Gee 'n woord met DIESELFDE betekenis as die volgende woorde in die artikel:

8.1 komplekse (paragraaf 1)

8.2 swakker (paragraaf 2)

8.3 sienings (paragraaf 6)

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 9: ANTONIEME

Gee 'n woord wat die TEENOORGESTELDE van die volgende woorde in die artikel beteken:

9.1 beperkte (paragraaf 9)

9.2 Westerse (paragraaf 6)

9.3 manlike (paragraaf 9)

9.4 waarskynlik (paragraaf 9)

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 10: WOORDSOORTE

Lees paragraaf 3 van die teks. Kies 'n woordsoort uit KOLOM B wat by 'n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (10.1–10.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
10.1	Groter	A	voorsetsel
10.2	In	B	voornaamwoord
10.3	Speel	C	lidwoord
10.4	Hul	D	selfstandige naamwoord
10.5	Arbeidsmark	E	werkwoord
10.6	'n	F	byvoeglike naamwoord

(6 × 1) **[6]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 11

Pligsgetrou is ’n samestelling van die woorde *plig* en *getrou*.

Gee die samestelling van *eet* en *tyd*. **[1]**

VRAAG 12

Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *diskriminasie* beteken. **[1]**

VRAAG 13: LEESTEKENS

Verduidelik die funksie van die volgende leestekens wat in die artikel aangetref word:

13.1 Die koppelteken in die woord *sosio-ekonomies*

13.2 Die funksie van die hakies in die volgende aanhaling:

‘Professionele posisies (voorheen mans se domein) ...’

13.3 Die funksie van die dubbelpunt in die volgende aanhaling:

'Joubert som die realiteite van vroue in die werkplek soos volg op:'

(3 × 2) **[6]**

VRAAG 14: MEERVOUDE

Gee die meervoud van die volgende woorde:

14.1 Skuif (paragraaf 4)

14.2 Prioriteit (paragraaf 5)

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 15: VERKLEINWOORDE

Gee die verkleinwoorde van die volgende woorde:

15.1 Ure (paragraaf 9)

15.2 Mans (paragraaf 2)

(2 × 1) **[2]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 16

Lees die volgende uittreksel uit die artikel *'n Veilige kinderruimte* wat in die Taalgenoot van Lente 2016 (bl.67) verskyn het en beantwoord die vrae wat volg. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (16.1–16.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

'Dis baie bemoedigend dat sowat 40% (16.1) van al die kinders wat ons (16.2) 2015 ondersteun het self by die Community Keepers-kantoor aangemeld het,' sê Philip Geldenhuys, hoof van dié (16.3) inisiatief. 'Dit bewys die groeiende vertroue (16.4) wat die kinders in Community Keepers het, asook die enorme vraag na berading (16.5) by skole. Kinders verdien 'n veilige omgewing om hul storie te vertel.'

16.1 Skryf die getal '*40*' as 'n woord uit.

16.2 Voeg die regte voorsetsel in.

16.3 Beskryf die funksie van die gravis teken op die '*e*'.

16.4 Gee 'n antoniem vir die woord '*vertroue*'.

16.5 Gee 'n sinoniem vir die woord '*berading*'.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 17

17.1 Maak EEN sin van die volgende DRIE sinne. Gebruik die regte voegwoorde en woordorde.

Sy was 'n jong plattelandse meisie.
Sy het 'n beurs vir oorsese studies ontvang.
Sy het besef dat sy haar droom om prokureur te word kan verwesenlik. (3 × 1) (3)

17.2 Bestudeer die prentjie hier onder en verduidelik die betekenis van die idioom wat dit uitbeeld.



[Bron:https://juffer.wordpress.com/tag/idiome/ dateer 14 Oktober 2016] (2)
[5]

TOTAAL AFDELING E: 35
GROOTTOTAAL : 100

Kopiereg voorbehou

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

BYLAE A

AFDELING C (BONDIGE KOMMUNIKASIE)

VRAAG 4



TELEFOONBOODSKAP: PARADYS-KAMPUS

Aan: _____ Van: _____

Firma: _____ Tel: _____

Datum: _____ Tyd: _____

Boodskap:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Geneem deur: _____

[20]

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

AFDELING C (BONDIGE KOMMUNIKASIE)

VRAAG 5

Die kampushoof van
Paradys-kampus nooi

mnr. en mev. J.P. Claassen

vriendelik uit om die Kampus-sportdag

op Dinsdag 15 Mei 2017 om 10:00
by te woon.

Venue: Paradys-kampus se sportgronde
Kerkstraat 100, Vereeniging

RSVP voor 8 Mei 2017
by mej. Rachelle Koen
Tel. 018 555 2100

Drag: Gemaklik informeel

Na afloop van die verrigtinge sal verversings in die kampussaal bedien word.

BYLAE C

DISKRIMINASIE TEEN VROUE – IS DAAR LIG IN DIE TONNEL?	Par.
Volgens Joep Joubert van Joubert & Genote is die posisie van vroue en die geslagsdebat komplekse verskynsels wat nie met een-dimensionele oplossings reggestel kan word nie.	1
Uit statistieke blyk dit duidelik dat vroue se posisie in die werkplek aansienlik swakker is as dié van mans. Die enigste ligpunt is dat daar tog ’n positiewe tendens sigbaar is. In 1960 het vroue net meer as 20% van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag verteenwoordig. Tans vul vroue nagenoeg 40% van beskikbare poste (meer as 50% van die bevolking is vroulik). Slegs 15% van bestuursposte word deur vroue beklee.	2
Navorsing deur Saffron Baggalay toon dat al hoe meer vroue ‘broodwinners’ of ‘gesamentlike broodwinners’ is en ’n veel groter rol in die arbeidsmark speel as wat hul ma’s gedoen het. Waar slegs 6% van Suid-Afrikaanse vroue in 1961 aktief in loopbane betrokke was, is 94% van Suid-Afrikaanse vroue nou ekonomies aktief.	3
Daar is ’n massiewe sosio-ekonomiese skuif wat nie alleen die werkplek en emansipasie van vroue beïnvloed nie, maar die gemeenskap as geheel. Werkgewers beskou vroue al hoe meer as pligsgetroue, resultaatgerigte werkers en deelnemende bestuurders.	4
Vroue se unieke behoeftes en verwagtinge is veral gerig op bevordering, professionele ondersteuning en balans tussen hulle beroeps– en persoonlike lewe. Gesag en status is ook groeiende behoeftes. Studies toon dat beter vergoeding ’n laer prioriteit is.	5
Tydens die koloniale tydperk is Westerse ideologieë en heersende sienings oor die rol van vroue (werknemers/slawe) in die werkplek direk na Suid-Afrika oorgedra en toegepas. Na die Groot Trek, en veral na die Tweede Vryheidsoorlog en die gepaardgaande ontwikkeling van Afrikanernasionalisme (bevrydingstryd), het die posisie van wit, Afrikaanssprekende mans in die werkplek dramaties verbeter en tydens die apartheidsera is wittes se rol formeel in wetgewing verskans.	6
Met die totstandkoming van die ‘nuwe Suid-Afrika’ is arbeidswetgewing drasties gewysig. ’n Verbod op onbillike diskriminasie is aanvanklik as deel van ’n stel oorgangsreëls in die Wet op Arbeidsverhoudinge vervat en het later in die Wet op Diensbillikheid beslag gevind. Volgens statistieke van die Departement van Arbeid is vordering baie stadig. Baie groot korporatiewe werkgewers probeer kosmetiese skuiwe maak om telkaarte te verbeter en akkommodeer meer vroue in laerisikoposte.	7
Professionele posisies (voorheen mans se domein) is deesdae meer toeganklik vir vroue. Hulle moet egter veel harder werk om hulself te bewys en verdien in die reël minder as hul manlike kollegas. Senior bestuursposte is steeds baie moeilik toeganklik vir vroue (en indien wel, met veel laer vergoeding).	8

Kopiereg voorbehou

BYLAE C (vervolg)

Joubert som die realiteite van vroue in die werkplek soos volg op: • ’n Baie beperkte aanbod gekwalifiseerde en ervare vroue is beskikbaar vir senior poste. • Vanweë ander verpligtinge kan alle vroue hulself nie totaal toewy aan die eise van senior poste nie (lang ure, sakereise, gesinsverpligtinge, ens.). • Negatiewe sosiale persepsies oor die rol van vroue en hul toewyding aan hul loopbane bestaan steeds. • Vroue moet aansienlik beter as mans presteer om dieselfde erkenning te kry. • Vroue verdien aansienlik minder as hul manlike kollegas (hulle beskik waarskynlik oor minder bedingingsmag as mans). • Baie vroue huldig self nog tradisionele sienings en stel nie noodwendig belang in senior uitvoerende poste nie.	9

[Bron: *http://www.joubertassociates.co.za/index.php/articles1/99-diskriminasie-teen-vroue-is-daar-lig-in-die-tonnel-84072387*]

Kopiereg voorbehou